Die Lydende en Bedrywende vorm is maklik om te verstaan mits jy STOMPI ken.

Kom ons kyk hoe gebruik ons STOMPI om Lydende en Bedrywende vorm beter te verstaan.





Daar is 5 gedeeltes van Sv1TOMPv2I wat belangrik is vir Lydende en bedrywende vorm.

**S**ubject, **O**bject, **T**ime, **M**anner en **V**erb **1+2**

# S v1 T O M P v2 I

**Daarom begin jy dadelik deur jou sin in STOMPI te verdeel.**



S v1 T O M

Die seun / het / gister / sy rugbybal / hard

P v2 I

/ oor die pale / geskop / om te oefen.

Saamgestel deur Marelize Swanepoel (c) 2014

# Bedrywende vorm

- Die sin volg die Sv1TOMPv2I volgorde.
- Die Subject (onderwerp) staan eerste.

- Hoe lyk die struktuur van 'n Bedrywende sin?
- Kom ons kyk na die 3 tye om dit beter te verstaan.

Saamgestel deur Marelize Swanepoel (c) 2014

- Afrikaanse sinne word hoofsaaklik in drie tye opgedeel:
  - Teenwoordige tyd
  - Verlede tyd
  - Toekomende tyd
- Wanneer daar na die bedrywende sin gekyk word, is daar sekere eienskappe wat opgemerk kan word, spesifiek as daar gekyk word na die werkwoorde.

Saamgestel deur Marelize Swanepoel (c) 2014

Die Verlede tyd en Toekomende tyd het TWEE werkwoorde. Die EERSTE werkwoord (v1) is die Hulpwerkwoord, terwyl die TWEEDE werkwoord (v2) die hoofwerkwoord is.

Daar is slegs EEN werkwoord in die Teenwoordige tyd. Die hoofwerkwoord staan in die v1-posisie. Daar is nie ‘n v2 in die Teenwoordige tyd nie.

Saamgestel deur Marelize Swanepoel (c) 2014

# Lydende vorm

- Die vorm van STOMPI verander.

O **v1** (T M) <u>deur</u> S P **v2** I

- Die **v1 + v2** word vervang met die Lydende werkwoorde.
- Die (T + M) word tussen die v1 en deur geplaas.

Saamgestel deur Marelize Swanepoel (c) 2014

MAAR

Wat is die Lydende werkwoorde?

| | |
|---|---|
| **Teenwoordige tyd** | word … deur ge- |
| **Verlede tyd** | is … deur ge- |
| **Toekomende tyd** | sal … deur…. ge- word |

**Tyd** en **Wyse** word hier geplaas.

Kom ons plaas alles in 'n tabel.

Saamgestel deur Marelize Swanepoel (c) 2014

| | Bedrywende vorm | | Lydende vorm | |
|---|---|---|---|---|
| | v1 | v2 | v1 | v2 |
| **Teenwoordige tyd** | Werk woord | X | word...deur | ...ge- |
| **Verlede tyd** | het | ge- | is...deur | ...ge- |
| **Toekomende tyd** | sal | NIE ge- | sal...deur | ...ge- ...word |

**T + M**

Saamgestel deur Marelize Swanepoel (c) 2014

## Stappe om 'n Lydende sin te ontleed:

**Stap 1**: Verdeel sin in Sv1TOMPv2I.

**Stap 2**: Onderstreep die werkwoorde.

**Stap 3**: Vervang met die Lydende werkwoord.

**Stap 4**: Plaas Tyd en Wyse tussen die Lydende werkwoord en deur.

**Stap 5**: Begin met die Object van STOMPI.

Saamgestel deur Marelize Swanepoel (c) 2014

Die seun het gister sy rugbybal hard oor die pale geskop om te oefen.

Saamgestel deur Marelize Swanepoel (c)
2014

**Stap 1**: Verdeel sin in Sv1TOMPv2I.

| S | v1 | T | O | M |
|---|---|---|---|---|
| Die seun | het | gister | sy rugbybal | hard |

| P | v2 | I |
|---|---|---|
| oor die pale | geskop | om te oefen. |

Saamgestel deur Marelize Swanepoel (c)
2014

## **Stap 2**: Onderstreep die werkwoorde.

Verlede tyd

Die seun <u>het</u> gister sy rugbybal hard

oor die pale <u>geskop</u> om te oefen.

Saamgestel deur Marelize Swanepoel (c) 2014

## **Stap 3**: Vervang met die Lydende werkwoord.

**Verlede tyd: is .... deur**

Die seun <u>het</u> gister sy rugbybal hard

**Verlede tyd: ge- ...**

oor die pale <u>geskop</u> om te oefen.

Saamgestel deur Marelize Swanepoel (c) 2014

## **Stap 4**: Plaas Tyd en Wyse tussen die Lydende werkwoord en deur.

Tyd (gister) Wyse (hard)

**Verlede tyd: is … deur**

Die seun <u>het</u> gister sy rugbybal hard

**Verlede tyd: ge- …**

oor die pale <u>geskop</u> om te oefen.

Saamgestel deur Marelize Swanepoel (c) 2014

## **Stap 5**: Begin met die Object van STOMPI.

Die seun <u>het</u> gister sy rugbybal hard oor die pale <u>geskop</u> om te oefen.

**O v1 (T M) <u>deur</u> S P v2 I**

| O | v1 | T | M | | S |
|---|---|---|---|---|---|
| Sy rugbybal / | is | (gister | hard) | <u>deur</u> / | die seun / |

| P | v2 | I |
|---|---|---|
| oor die pale / | geskop / | om te oefen. |

Saamgestel deur Marelize Swanepoel (c) 2014

Wat gebeur as daar spesiale hulpwerkwoorde in die sin is? Jy hanteer dit soos die toekomende tyd.

wil/wou kan/kon moet/moes gaan

**MAAR vervang <u>sal</u> met die hulpwerkwoord in die sin.**

**Toekomende tyd: MOET ...deur ge- word**

Kinders / <u>moet</u> / elke dag / huiswerk / doen.

Huiswerk <u>**moet**</u> elke dag deur kinders <u>**ge**</u>doen <u>**word**</u>.

Saamgestel deur Marelize Swanepoel (c) 2014

Voornaamwoorde moet verander.

**Verlede tyd: is ... deur ge-**

Hy / het / die eerste prys / gewen.

Die eerste prys is deur hom gewen.

Saamgestel deur Marelize Swanepoel (c) 2014